

23 Desember

Skrifgedeelte: Markus 1:1-8 (NAV)

Fokusgedeelte: Markus 1:2

Wegbereiders vir die Here!

God is met die mens op pad; daarom is God voortdurend besig om in sy liefde en genade die mens op te soek. Daarin lê die hart van die evangelie.

Die konings van destyds het gewoonlik 'n boodskapper of 'n wegbereider voor hulle uitgestuur as hulle 'n sekere stad of landstreek wou besoek. Hierdie boodskapper of wegbereider moes dan die koning se pad gereedmaak deur alle hindernisse uit die weg te ruim; met ander woorde, die pad waarlangs die koning sou kom, moes begaanbaar gemaak word.

So was Johannes die Doper die Here Jesus se wegbereider, die herout (boodskapper) van die koninkryk wat sou kom (Jes 40:3). Hy het die opdrag gehad om die pad van die Koning van konings begaanbaar te maak. Hierdie pad moes in 'n geestelike sin begaanbaar gemaak word, sodat alle innerlike hindernisse uit die weg geruim kon word. Die pad na die mense se harte moes voorberei word; daarom roep Johannes die Doper hulle op tot bekering (Markus 1:4): "Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe."

Kry jy dit nog reg om in hierdie tyd waarin ons lewe 'n wegbereider vir Jesus Christus te wees? Die geheim is om by jou eie lewe te begin. Bid tot God dat Hy jou deur die werk van die Heilige Gees sal sterk maak, sodat jy nie twyfel en agter al wat dwaalleer is, aanloop nie. Dit bring egter ook die verantwoordelikheid om die Bybel, die Woord van God grondig te bestudeer deur persoonlike Bybelstudie, gereelde bywoning van die eredienste en huisgodsdienste, sodat jy die wapenrusting kan gebruik wat God aan jou gee. Dan sal jy 'n wegbereider kan wees wat met die waarheid, die enigste waarheid van God se Woord, die hindernisse op die pad van die evangelie uit die weg te ruim.

Sing: Psalm 89:6 Ds HJ Venter (Pongola)